| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 200 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 13 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord **AL** die vrae in jou **ANTWOORDBOEK**.

2. Begin **ELKE** vraag van **AFDELING B** op 'n **NUWE** bladsy.

3. Lees **ALLE** vrae noukeurig deur en maak seker jy antwoord slegs wat gevra word.

4. Nommer die antwoorde volgens die numeringsisteem wat in die vraestel gebruik word.

5. Skryf netjies en leesbaar.

6. 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

7. Toon **ALLE** berekeninge.

8. Skryf slegs met 'n **BLOU** pen.

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die korrekte letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in jou ANTWOORD BOEK, bv. 1.1.11 A.

1.1.1 Die drakrag van natuurlike weiding kan verhoog word deur …

A ‘n beplande wisselweidingsprogram.

B ‘n verhoogde aantal diere.

C onbeheerde veldbrande.

D ‘n verhoging in die weidingsperiode.

1.1.2 Die opbrengste ontvang op ‘n plaasbesigheid nadat al die bedryfskostes betaal is:

A Nettoplaasinkomste

B Bruto marge

C Plaaswins

D Variënde kostes

1.1.3 Die persoon wat kommoditeite omskep deur waardetoevoegings-metodes te gebruik:

A Kleinhandelaar

B Prosesseerder

C Groothandelaar

D Produsent

1.1.4 … is wanneer ‘n groep mense toegang tot ‘n gebied of plaasgrond het.

A Privaat besit

B Individuele besit

C Gemeenskaplike besit

D Grondeienaarskap

1.1.5 Bedryfskapitaal wat teen uiters hoë rentekoerse geleen word, lei gewoonlik tot …

A ‘n laer netto wins ten spyte van hoë produksiedoeltreffendheid.

B baie beskikbare kapitaal.

C oorkapitalisasie.

D onderkapitalisasie.

1.1.6 Dui aan watter **EEN** van die volgende is NIE ‘n funksie van landboubemarking nie.

A Stoor

B Vervoer

C Prosessering

D Aanplanting

1.1.7 Die proses waar bogrond en ondergrond versamel word om die voedingstatus van die grond te bepaal:

A Grondontleding

B Bodemopname

C Grondmonster

D Gronddata

1.1.8 Die prysvastellingsmetode wat die boer gebruik om ekwilibrium te bepaal en dan 15% wins by te voeg:

A Vraag en aanbod

B Marknavorsing

C Bemarkingsketting

D Gelykbreekpunt

1.1.9 Die boerderybestuurbeginsel wat gekenmerk word deur die bepaling van die produksieproses en die opstel van die bygaande begroting:

A Motivering

B Beplanning

C Koördinering

D Kontrole

1.1.10 … word vir makliker hantering van landbouprodukte gebruik.

A Verpakking

B Prosessering

C Standaardisering

D Gradering (10x2) (20)

1.2 Kies ‘n korrekte beskrywing vanaf KOLOM B wat pas by die term/frase in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.11 P. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN keer gebruik word.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Veldbestuur | A | Hanteer die behoeftes van gaste wat ‘n wildsplaas besoek om die inkomste van die plaas te verhoog. |
| 1.2.2 | Kredietnota | B | Meting, berekening en stel van implemente. |
| 1.2.3 | Humiditeit | C | Elimineer ongewenste gedrag en skep ‘n gevoel van samehorigheid. |
| 1.2.4 | Strategiese bemarking | D | Reguleer die vereistes vir geboue en sanitasiefasiliteite op ‘n plaas. |
| 1.2.5 | Kalibrering | E | Betalingsmetode. |
| 1.2.6 | Gesondheidswet (Wet 63 van 1977) | F | Die beginsel van koöperatiewe bemarking. |
| 1.2.7 | Agritoerisme | G | Hoeveelheid water in die atmosfeer by ‘n bepaalde atmosferiese druk. |
| 1.2.8 | Dissipline | H | Lys van bates op die plaas. |
| 1.2.9 | Poelstelsel | I | Boerderystelsel met hoë-kapitaal uitset. |
| 1.2.10 | Elektroniese fondsoorplasing (EFT) | J | ‘n Brondokument wat uitgereik word wanneer verkeerde items afgelewer word. |
| | | K | Die aanpassing van jou bemarkingstrategieë om maksimum wins te handhaaf. |
| | | L | Verdeling van weiveld in kampe om diere in staat te stel om tussen kampe rond te beweeg om oorbeweiding te voorkom. |

(10x2) (20)

1.3 Verskaf die KORREKTE LANDBOUKUNDIGE TERM vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.10) in die ANTWOORDBOEK, bv. 1.3.11 Verbruiker.

1.3.1 ‘n Bestuursvaardigheid waar werkers sertifikate vir goeie prestasie ontvang om produktiwiteit te verbeter.

1.3.2 Dui die waardeverlies van toerusting en masjienerie oor tyd weens slytasie aan.

1.3.3 Direkte en indirekte koste wat ‘n produsent moet aangaan om ‘n produk te bemark.

1.3.4 Totaal van al die handelskwitansies vir ‘n gegewe tydperk.

1.3.5 Die maatskappy struktuurdiagram van die verskillende personeel en personeelvlakke in een oogopslag.

1.3.6 Die begroting vir die werking van ‘n plaas vir ‘n spesifieke tydperk, gewoonlik ‘n jaar.

1.3.7 Om grondveranderlikheid en gewasinligting te versamel en te ontleed om inset-doeltreffendheid in boerderygebiede te verhoog.

1.3.8 Die werklike proses waar landbouprodukte in spesifieke klasse gesorteer word om tussen verskillende eienskappe te onderskei.

1.3.9 Die mees ideale grondstruktuur wat deur gewasprodusente verkies word.

1.3.10 Hierdie beginsel word byvoorbeeld vervat in gebruikskodes ten opsigte van die gebruik van bepaalde middels (toevoegings). (10x1) (10)

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B

### VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING

2.1 Persoonlike fondse of eie spaargeld kan as 'n bron van kapitaal vir die plaas gebruik word.

2.1.1 Noem **TWEE** voordele van die gebruik van persoonlike fondse as kapitaal. (2)

2.1.2 Verduidelik die nadele van die gebruik van persoonlike fondse as kapitaal. (4)

2.2 Een van die belangrikste faktore wat 'n lewendehawe boer in ag moet neem in die beplanning van 'n beweidingstelsel, is hoe om die veld af te kamp.

2.2.1 Beskryf **VIER** beginsels wat toegepas moet word wanneer weiding in kampe verdeel word. (4)

2.2.2 Noem **DRIE** voordele van kampe in 'n voergewas-produksiestelsel. (3)

2.3 'n Kommersiële boer wil sy/haar plaas se produksie optimaliseer. Hy/sy woon 'n boeredag van presisieboerdery by. Die boer was baie beïndruk met die monitering en ander gevorderde tegnologiese praktyke wat in presisieboerdery gebruik word. Die boeredag behandel die globale posisioneringstelsel (GPS) wat die presiese plek van 'n plant tot op 'n meter aandui. Die geografiese inligtingstelsel (GIS) toon waar in die land dit vogtig is en waar gewasgroei belemmer word.

2.3.1 Noem **VIER** verskillende aspekte van die gewasproduksieproses wat die boer kan monitor en verduidelik kortliks hoe elke aspek versigtig in die praktyk gemeet word. (8)

2.3.2 Gee 'n beskrywing van hoe die toediening van kunsmisstowwe en plaagdoders bevoordeel word deur presisieboerdery. (2)

2.4 ‘n Boer neem gereeld grondmonsters van sy/haar landbougrond. Die resultate van die jongste monster dui aan dat die grond 80% klei, 10% leem en 10% sand bevat. Die vlak van die kalium is baie hoog en die pH waarde is 8,7. Die hooftekstuurtipe van die grond is dus klei.

2.4.1 Dui **VYF** moontlike gewasproduksiebeperkinge aan wat die grond, wat deur die grondmonster verteenwoordig word, sal hê. (5)

2.4.2 Noem **VIER** maatreëls wat toegepas kan word om hierdie grond se opbrengspotentiaal te verbeter. (4)

2.5 Bestudeer die inligting in die tabel en beantwoord die vrae wat volg:

| **LYS VAN INSETTE VIR ‘N PLAAS:** | |
|---|---|
| Tydelike werkers | R35 550 |
| Plaag- en onkruiddoders | R11 400 |
| Depresiasie | R175 000 |
| Bemarkingskoste | R34 700 |
| Permanente werkers | R28 990 |
| Brandstof, olie en smeermiddels | R34 125 |
| Munisipale eiendomsbelasting | R11 700 |
| Gehuurde bestuur | R89 500 |

2.5.1 Kategoriseer **ELK** van die insette vir die plaas hierbo as óf veranderlike OF vaste koste. (8)

2.5.2 Verduidelik die volgende terme:

a) Veranderlike koste (3)

b) Vaste koste (3)

2.5.3 Bereken die waardes van:

a) Veranderlike koste (2)

b) Vaste koste (2)

**[50]**

## VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING, BESIGHEIDS-BEPLANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU

3.1 Bestudeer die Kontantvloeistaat hieronder:

| Kontantvloeiopsomming | JAN (R) | FEB (R) | MRT (R) |
|---|---|---|---|
| Beginsaldo | 15 500 | 27 900 | -5 800 |
| Totale inkomste:<br>• Verkope: Gewasse en vee<br>• Kapitaalverkope: Ploeg<br>• Nie-plaas-inkomste: Verhuring van implemente | 14 670 | 28 560 | 48 600 |
| Totale uitgawes:<br>• Bedryfsuitgawe: Lone, insette<br>• Kapitaalaankope: Vee<br>• Nie-plaas-uitgawes: Medies | 17 450 | 31 660 | 5 750 |
| Wins/Verlies | -2 780 | -3100 | 12 850 |
| **Eindsaldo** | **12 720** | | |

3.1.1 Bereken die eindsaldo vir die volgende maande. Toon **ALLE** berekeninge.

a) Februarie (2)

b) Maart (2)

3.1.2 Bereken die gesamentlike saldo van Januarie tot Maart. (2)

3.1.3 Gee die boer raad oor hoe om die veranderinge in inkomste te oorkom. (3)

3.2 Differensieer tussen bemarking, advertering en verkope. (3x2) (6)

3.3 Boerderyrekords is uiters belangrik en dra by tot die sukses van die boerdery.

3.3.1 Gee **VIER** voorvereistes vir goeie boerderyrekords. (4)

3.3.2 ‘n Inventaris is ‘n belangrike rekord vir die boerdery. Verduidelik **DRIE** stappe wat gevolg word wanneer ‘n inventaris opgestel word. Gebruik die regte volgorde. (3)

3.4 'n Besigheidsplan is noodsaaklik vir enige besigheid:

3.4.1 Gee **EEN** term vir elk van die volgende beskrywings van 'n besigheidsplan:

a) Die onderafdeling wat die werkers beskryf. (1)

b) Die onderafdeling wat die prys, bemarking en promosie van die produk beskryf. (1)

c) Die onderafdeling wat die werking/funksionering of vervaardiging van produkte beskryf. (1)

d) Hierdie onderafdeling word gebruik om die interne en eksterne faktore te identifiseer wat voordelig of nadelig vir die bereiking van jou doelwitte is. (1)

3.4.2 Noem **VYF** voordele van 'n besigheidsplan. (5)

3.4.3 Die mark waar die boer se landbouprodukte verkoop gaan word, is belangrik. Noem **VIER** aspekte wat die boer sal oorweeg met betrekking tot die bemarking van verkope. (4)

3.5

| |
|---|
| 'n Jong persoon wat nie werk kon kry nie het begin lande skoonmaak om homself te onderhou. Met die geld wat hy verdien het, koop hy toe 100 lêhenne. Dit was duur om te begin. Sy deurbraak het gekom toe hy begin het om eiergele aan die wynkelder te lewer wat vir die suiwering van wyn gebruik word. Nog 400 lêhenne word aangekoop. Hy voorsien vandag steeds aan die wynkelder en het uitgebrei na 4 000 lêhenne. |

3.5.1 Definieer die term ''*Entrepreneur'.* (3)

3.5.2 Lei uit die bostaande paragraaf af watter eienskappe die jongman as 'n entrepreneur sal klassifiseer. (3)

3.5.3 Identifiseer **DRIE** moontlike neweprodukte wat die jongman ook in sy onderneming kan produseer en verkoop om sy inkomste aan te vul. (3)

3.6 Onderskei tussen formele en informele bemarkingskanale en gee **EEN** voorbeeld van elk. (6)

**[50]**

## VRAAG 4: OES, PROSESSERING, BESTUUR EN AGRI-TOERISME

4.1 Die prosessering van landbouprodukte hou voordele en nadele in. Prosessering help klein tot mediumgrootte produsente om minder kwesbaar te wees vir pryswisselings in die mark.

4.1.1 Verduidelik die term '*Waardetoevoeging*'. (3)

4.1.2 Noem **VIER** voordele van waardetoevoeging in die agri-besigheid. (4)

4.1.3 Verduidelik hoe waardetoevoeging by rou landbouprodukte tot die finansiële volhoubaarheid van 'n boerderyonderneming bydra. (3)

4.2 Bestudeer die foto van die verpakking van tamaties:




*[Bron: http://www.carload.ca/index.php?route=product/product&product_id=968]*

4.2.1 Noem **VIER** belangrike komponente wat in ag geneem moet word wanneer verpakkingsmateriaal vir tamaties ontwerp word. (4)

4.2.2 Voldoen die verpakking in die foto aan die komponente genoem in **VRAAG 4.2.1**? Gee redes. (3)

4.2.3 Gee **VIER** kenmerke van ideale verpakking of houers vir tamaties. (4)

4.3 Kleinboere is aan die toeneem, maar hulle ondervind probleme om die vleismark te betree. Skryf notas waarin die betekenis van elk van die volgende probleme verduidelik word:

4.3.1 Tekort aan kapitaal (4)

4.3.2 Probleme om 'n mark te vind of daar te stel (3)

4.3.3 Onvermoë om kwaliteitvleis te lewer (4)

4.4 'n Multiproduksie-ondernemingsplaas besluit om die inkomste te verhoog deur 'n agritoerisme-afdeling in te stel.

4.4.1 Kies **VIER** items uit die lys hieronder wat benodig word om die Agritoerismeprojek te bevorder. Gee ‘n rede om jou keuse in elke geval te motiveer.

- Kantien
- Bemestingstoor
- Gastekamers
- Wild-spesies
- Nuwe plaashuis
- Sekuriteitshonde
- Plaasdam (8)

4.5 Nismarkte is spesifieke markte vir sekere landbouprodukte.

4.5.1 Definieer die term ‘*nismark*’ (2)

4.5.2 Gee **VYF** stappe wat gevolg moet word in die daarstelling van ‘n nismark. (3)

4.6 Bespreek **DRIE** maniere waarop ‘n boerderyonderneming die welstand van werknemers en gemeenskappe in die omgewing kan bevorder. (3)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: [150]**

**GROOT TOTAAL: [200]**